## SA FOTOGRAAF WEN GESOGTE TITEL

# ‘Dit is die Oscars van wild-fotografie’

’n Suid-Afrikaner is vanjaar die wêreld-wildlewefotograaf van die jaar.

Die hoogs gesogte titel word jaarliks toegeken in ’n kompetisie wat deur die Natural History Museum in Londen aangebied word. Eerbewyse word in verskeie kategorieë vir uitstaande fotografie toegeken.

Wim van den Heever het die algehele titel losgeslaan vir sy foto van ’n strandjut, die skaarsste van alle hiëna-spesies. Hy het dié dier in Kolmanskop in Namibië afgeneem.

Die strandjut kyk so effens verby die kamera. Op die agtergrond is ’n verlate, verligte huis wat al deur wind en weer beskadig is. Die foto is in die nag geneem en die mis wat neerdaal, laat die toneel spookagtig lyk, lui ’n artikel op die museum se webtuiste.

Die foto het ook die stedelike-wildlewe-kategorie gewen.Die beoordelaars was verwonderd oor die kinkel wat dit aan die interpretasie van stedelik gee.

“Dit was eens, maar is nie meer nie, ’n mensoorheersde omgewing,” sê Kathy Moran, fotoredakteur en voorsitter van die jurie wat die wenners aanwys. Met die uittog van mynwerkers het die wildlewe oorgeneem.

“Is dit steeds ’n dorp? Dit lyk vir my so, net nie meer ons s’n nie.”

Die beoordelaars beskou die foto ook as ’n uitstekende voorbeeld van die eienskappe wat nodig is om ’n suksesvolle natuurlewefotograaf te wees: Nuuskierigheid, geduld en talent, maar bowenal volharding.

Van den Heever het 10 jaar daaraan gewy om dié buitengewone foto te neem.

Dr. Natalie Cooper, dierkundige, sê dit is seldsaam om ’n strandjut naby mensewonings te vind.

Hulle voel egter “heel veilig” aangesien mense die Kolmanskop-gebied 70 jaar gelede verlaat het nadat die diamante wat daar ontgin is, opgeraak het.

Cooper sê die eensaamheid van die plek, tesame met mensgemaakte konstruksies wat die diere teen die wind beskerm, maak dit ’n ideale plek om nes te skrop.

Dorpe soos dié, in die middel van die woestyn waar hulpbronne beperk is, is amper net soveel van die hiënas afhanklik as wat die hiënas daarvan afhanklik is, lui die artikel.

As aasvreters maak hulle nie net skoon deur aan dooie diere te vreet nie, hulle herversprei ook voedingstowwe.

“Hulle reis dikwels oor baie groot afstande,” sê Cooper.

Hul herwinningsrol maak hiënas noodsaaklik in moeilike omgewings. Sonder aasdiere sou karkasse opgehoop en voedingstowwe op een plek gebly het en sou ander dele van die ekostelsel nie daarby baat gevind het nie.

Van den Heever se foto herinner almal daaraan dat selfs diere wat mense dalk oor die hoof sien of waaroor hulle negatief dink, ’n belangrike rol speel om ekostelsels in stand te hou.

Van den Heever het sy kameralokval opgestel nadat hy vars hiënaspore in die spookdorp opgemerk het, berig die BBC.

Die strandjut is hoofsaaklik ’n nagdier en lei gewoonlik ’n enkellewe. Jare lank het Van den Heever die verlate dorp deurgesoek en slegs spore van die ontwykende dier gevind.

“Ek het geweet hulle was daar, maar om een af te neem, sou net nooit gebeur nie,” het hy later gedink.


Van den Heever het op Instagram geskryf dit was ’n “ongelooflike oomblik” toe hy aangewys is en ’n droom wat waar geword het.

“Dit is die Oscars van die wildfotografiewêreld en om vir hierdie kort oomblik bo uit te staan, is werklik ’n eer.”

Die jaarlikse uitstalling wat aan die kompetisie gewy is, open vandag by die museum.




**Wim van den Heever (bo) se wenfoto, *Ghost Town Visitor*.** Foto: WILDLIFE PHOTOGRAPHER OF THE YEAR



**Sebastian Frölich van Duitsland was die wenner in die kategorie Vleilande: Die groter prentjie.** Foto: WILDLIFE PHOTOGRAPHER OF THE YEAR



**Quentin Martinez van Frans-Guyana het die kategorie Gedrag: Amfibieë en reptiele gewen.** Foto: WILDLIFE PHOTOGRAPHER OF THE YEAR



**Simone Baumeister van Duitsland het die Natuurlike-kunstenaarskap-kategorie gewen.** Foto: WILDLIFE PHOTOGRAPHER OF THE YEAR



**Qingrong Yang van China het die Gedrag: Voëls-kategorie gewen.** Foto: WILDLIFE PHOTOGRAPHER OF THE YEAR

**Volg die skakel vir nog foto’s.**



**Shane Gross van Kanada het die kategorie Diere in hul omgewing gewen.** Foto: WILDLIFE PHOTOGRAPHER OF THE YEAR



**Andrea Dominizi van Italië was met dié foto die algehele jong wenner.** Foto: WILDLIFE PHOTOGRAPHER OF THE YEAR

# Twee Oseane-akwarium groet sy geliefde heuningkoekpylstert Honey

**Jackie Kruger**

Die Twee Oseane-akwarium in Kaapstad is een van sy geliefste inwoners kwyt.

Honey, ’n 15-jarige heuningkoekpylstert (*Himantura uarnak*), is die naweek dood nadat sy vir ’n sekondêre infeksie behandel is.

Sy was ’n bekende gesig in die I&J Ocean-uitstalling van die akwarium.

Haar dood is vandeesweek op die akwarium se Facebook-blad bekend gemaak.

Honey was in haar later jare onder die sorg van die akwarium se veeartsenykundige span, wat haar vir ’n sekondêre infeksie behandel het. Omdat haar eetlus afgeneem en sy gewig verloor het, is sy na agter die skerms verskuif sodat sy meer gefokusde sorg kon kry. Ondanks alle pogings kon Honey nie herstel nie en is sy die naweek dood.


Volgens die akwarium dui die uitslag van ’n nekropsie moontlik op orgaanversaking, ’n algemene oorsaak van dood by bejaarde seediere.

Heather Wares, woordvoerder van die akwarium, het gister gesê hulle is baie hartseer oor Honey se dood.

“Honey was sedert 2016 ’n grasieuse, geliefde inwoner van ons I&J Ocean-uitstalling. As ’n geliefde ambassadeur vir haar eie en ander mariene spesies het Honey ’n sentrale rol daarin gespeel om onvergeetlike ervarings vir die akwarium se besoekers te skep.”

Volgens Wares het Honey se “sagte teenwoordigheid” menige besoeker geïnspireer om die akwarium se doelwit te ondersteun om ’n veiliger oseaan vir alle seelewe te skep. “Sy sal baie gemis word en haar nagedagtenis sal sterk by ons akwarium-familie voortleef.”

**– jkruger@24.com**



**Honey, ’n 15-jarige heuningkoekpylstert van die Twee Oseane-akwarium in Kaapstad wat die naweek dood is.** Foto’s: TWEE OSEANE-AKWARIUM



**Honey was ’n geliefde inwoner van die I&J Ocean-uitstalling by die akwarium.**

## Biblioteke bied eksamen-steun

Biblioteke in Kaapstad het ’n spesiale projek bekend gestel om leerlinge en veral matrikulante by te staan in hul voorbereiding vir die eksamen.

Spesiale ruimte is in biblioteke ingeruim, en hulle het toegang tot hulpbronne soos studiegidse, handboeke, gratis skryfbehoeftes en die aanlyn SmartCape-diens, waar hulle toegang het tot ou eksamenvraestelle.

’n Aanlyn diens, opac.capetown.gov.za, word ook beskikbaar gestel waar gebruikers via die internet toegang kan verkry tot biblioteekmateriaal.

Francine Hingham, burgemeesterskomiteelid vir gemeenskapsdienste en gesondheid, sê almal weet hoe stresvol eksamentyd kan wees en Kaapstad se biblioteke doen dus alles wat hulle kan om leerlinge by te staan.

Sy moedig matrikulante aan om die spesiale studieruimtes te gebruik en wens hulle sterkte toe.

SEA POINT City Improvement District

**Kennisgewing van algemene jaarvergadering**

Die SPCID NPC gaan ’n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na ’n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en om die verlenging van die CID-termyn goed te keur.

Datum: **12 November**
Tyd: **10h30**
Plek: **Protea Hotel Marriott Arthurs Road Sea Point**


Net bona fide-lede van die SPCID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die SPCID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 5 November 2025 geregistreer wees.

Die aansoekdokumente vir die verlenging van die CID-termyn is vir inspeksie beskikbaar by die bestuursliggaam se kantore, die kantoor van die uitvoerende irekteur en word op die bestuursliggaam se webwerf gepubliseer.

Enige bykomendebelastingbetaler wat teen die aansoek om die uitbreiding van die CID-termyn gekant is, kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering’n skriftelike beswaar indien, sou besware nie van minstens 40% van bykomendebelastingbetalers ontvang word nie.

Lede van die plaaslike gemeenskap (insluitende eiendomsbesitters, inwoners, huurders, regspersone, burgerlike organisasies en nie-regerings-, privatesektor- of arbeidsorganisasies) kan binne 30 dae na afloop van die algemene jaarvergadering skriftelike kommentaar oor die nuwe vyfjaarsakeplan indien.

**Om as lid te registreer of vir meer inligting en dokumentasie, besoek www.seapointcid.co.za. Om ’n skriftelike beswaar of kommentaar in te dien, e-pos wayne@seapointcid.co.za of skakel 021 434 1234.**

Oktober Veiling Week
*Internasionaal Moderneen Kontemporêre Kuns, Juweliersware en Silwerware*

REGSTREEKS VIRTUELE EN AANLYN VEILINGS
Kaapstad | 27–29 Oktober 2025
2de vloer, Brickfield Canvas, 35 Brickfield Weg, Woodstock

Strauss&co
Africa’s Leading Art Auction House

Irma Stern
*Malay (Black Headdress)*
Estimate R7 000 000 – 10 000 000

ct@straussart.co.za | 021 683 6560 of jhb@straussart.co.za | 011 728 8246
www.straussart.co.za